



002 9211

002 9211

Die invloed van televisie op die vaardigheid
van standerd vyf-, ses- en sewe- leerlinge in
die tweede taal

Navorsingsbevinding KOMM N-80

Die invloed van televisie op die vaardigheid van standerd vyf-, ses- en sewe- leerlinge in die tweede taal

J.E. Senekal
P.C. van Zyl

2844363866



001.3072068 HSRC KOMM N 80



* 0 5 2 7 8 9 *

0000527895



Pretoria

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

1982

ROG BIBLIOTEK HSRC LIBRARY		
198 . -03-14		
STANOKODE 001.3072068 HSRC KOMM N 80	REGISTERNOMMER 062797	
BESTELNOMMER R10		

J.E. Senekal, B.A., M.Ed., Navorser
 P.C. van Zyl, B.A., D.Ed., Departementshoof: Kultuurburo vir Studentesake,
 Technikon, Pretoria

Instituut vir Kommunikasienavorsing
 Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0073 6

Prys R3,60
 (AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1982
 Alle regte voorbehou

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende persone en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwys hoofde wat toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

Dr. D.P. van Vuuren en mnr. J.J. de Beer wat in raadgevende hoedanigheid hulp verleen het;

die RGN se Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste wat die redaksionele werk hanteer het;

die leerlinge wat as respondente opgetree het; en

Iede van die ad hoc-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam was, naamlik:

<i>Dr. J.D. Venter (Voorsitter)</i>	<i>Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing</i>
<i>Prof. T.L. de Koning</i>	<i>Universiteit van Venda</i>
<i>Dr. P.H. du Preez</i>	<i>Departement van Nasionale Opvoeding</i>
<i>Prof. D. Joubert</i>	<i>Universiteit van Stellenbosch</i>
<i>Mnr. P.W. Mans</i>	<i>Nataalse Onderwysdepartement</i>
<i>Prof. N.J. Mentz</i>	<i>Transvaalse Onderwysdepartement</i>
<i>Mnr. B. Olivier</i>	<i>Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop</i>
<i>Mnr. D.J.L. Pretorius</i>	<i>SAUK</i>
<i>Mnr. F. Swanepoel</i>	<i>OVS-Onderwysdepartement</i>
<i>Mnr. G. Yssel</i>	<i>SAUK</i>
<i>Dr. D.P. Conradie</i>	<i>Instituut vir Kommunikasienavorsing</i>
<i>Dr. P.C.J. Jordaan</i>	<i>Instituut vir Kommunikasienavorsing</i>
<i>Dr. C.R. Liebenberg</i>	<i>Instituut vir Opvoedkundige Navorsing</i>
<i>Mev. E.M. Madge</i>	<i>Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing</i>
<i>Dr. W.L. Roos</i>	<i>Instituut vir Mannekragnavorsing</i>
<i>Mnr. A.R. van den Berg</i>	<i>Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing</i>

INHOUD

	BLADSY
SUMMARY/OPSOMMING	(ix)
TABELLE	(x)
HOOFSTUK 1	1
INLEIDING EN TEORETIESE AGTERGROND	
1.1 INLEIDING	1
1.2 TAALVAARDIGHEID GESIEN IN SY VERBAND MET TELEVISIE	3
1.2.1 <i>Luister</i>	3
(1) Taalvlak en inhoudelike vlak	4
(2) Eenvormigheid in uitspraak	5
(3) Ouditiewe figuuragtergronddiskriminasie	6
(4) Die oorspronklike taalverwerwingsituasie en die televisiesituasie	6
1.2.2 <i>Praat</i>	7
1.2.3 <i>Lees</i>	8
1.2.4 <i>Skryf</i>	9
1.3 PROBLEEMSTELLING	10
HOOFSTUK 2	
METODOLOGIE	12
2.1 DOEL EN HIPOTESE	12
2.2 METODOLOGIE	12

2.2.1	<i>Steekproef</i>	12
2.2.2	<i>Meetinstrumente</i>	13
	(1) Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde (ATTR)	13
	(2) Biografiese Vraelys	14
	(3) Televisievraelys	16
	(4) Gegewens deur die klasonderwyser verstrek (Vorm B)	16
2.2.3	<i>Eksperimentele ontwerp</i>	17
2.2.4	<i>Die ondersoekgroepe</i>	18
2.2.5	<i>Afparing</i>	20
2.2.6	<i>Benoeming van eksperimentele en kontroleverskiltellings</i>	21

HOOFSTUK 3

BESPREKING VAN RESULTATE

3.1	INLEIDING	23
3.2	BEVINDINGE	23
3.2.1	<i>Engelssprekende leerlinge</i>	23
3.2.2	<i>Afrikaanssprekende leerlinge</i>	26
3.3	SAMEVATTING	26

TABELLE

NOMMER	BLADSY
3.1	
VERSKILLE TUSSEN GEMIDDELDE VAN EKSPERIMENTELE VERSKIL- TELLINGS (D1 - D4) EN KONTROLEVERSKILTELLINGS (E1 - E4) VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE STANDERD VYF-, SES- EN SEWE- LEERLINGE	24
3.2	
VERSKILLE TUSSEN GEMIDDELDE VAN EKSPERIMENTELE VERSKIL- TELLINGS (S1 - S4) EN KONTROLEVERSKILTELLINGS (T1 - T4) VAN DIE ENGELSSPREKENDE STANDERD VYF-, SES- EN SEWE- LEERLINGE	25

SUMMARY

From the literature it is evident that television does not necessarily stimulate proficiency in a second language. In South Africa, however, it is thought that bilingualism will be promoted since programmes are presented in both official languages and this will afford children the opportunity to come into regular contact with the second language.

From the investigation it transpired that, regarding certain groups of English-speaking Std. 7 pupils, television had positively influenced their proficiency in the second language (vocabulary, comprehension, spelling and language usage). Among the other groups (Afrikaans and English-speaking) television seemed to have had no effect on the pupils' proficiency in the second language.

OPSOMMING

Uit die literatuur blyk dit dat televisie nie noodwendig vaardigheid in 'n tweede taal stimuleer nie. In Suid-Afrika bestaan daar nogtans die verwagting dat tweetaligheid bevorder sal word deurdat programme in albei landstale aangebied word. Dit bied aan kinders 'n geleentheid om op 'n gereelde grondslag met die tweede taal in aanraking te kom.

In hierdie ondersoek is bevind dat televisie 'n positiewe invloed op die vaardigheid in die tweede taal (woordeskat, leesbegrip, spelling en taalgebruik) van sekere groepe Engelssprekende standerd sewe-leerlinge gehad het. By die ander groepe (Afrikaans- en Engels-sprekend) kon geen invloed van televisie op die leerlinge se vaardigheid in die tweede taal aangetoon word nie.

INLEIDING EN TEORETIESE AGTERGROND

1.1 INLEIDING

Met die instelling van televisie in die RSA is die moontlikheid vir 'n groot deel van die bevolking geskep om op 'n gereelder grondslag met die tweede amptelike landstaal (Engels vir die Afrikaanssprekendes en Afrikaans vir die Engelssprekendes) in aanraking te kom as wat die geval voor die koms van televisie was. In die RSA word deur dié medium op dieselfde televisiekanaal (TV 1) programme in beide amptelike landstale op 'n grondslag van gelyke toewysing van tyd per landstaal aangebied. Daar kan verwag word dat die groot persentasie Blankes wat televisie kyk nie net na die programme wat in hul eerste taal aangebied word, sal kyk nie, maar ook na dié in hul tweede taal.

Tweetaligheid word deur Gardner en Desrochers (1981) as belangrik ten opsigte van die volgende aspekte beskou: ontwikkeling in denkvermoë, verbeterde kognitiewe plooibaarheid en 'n groter sensitiwiteit teenoor aspekte van interpersoonlike kommunikasie. Bedrewenheid in die tweede taal is van besondere belang in die RSA met betrekking tot die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes.

Daar bestaan 'n leemte in Suid-Afrika ten opsigte van 'n studie na die invloed van die massakommunikasiemedium televisie op die vaardigheid van kinders in die tweede taal. Aangesien daar so min lande in die wêreld is waar daar 'n amptelike tweede landstaal in gebruik is, is navorsing in hierdie verband ook elders in die wêreld tot 'n minimum beperk. Gardner en Desrochers (1981) gee in hul oorsig van literatuur wat tussen 1979 en 1980 oor

tweedetaalverwerwing in Kanada verskyn het, geen aanduiding van 'n ondersoek na die invloed van televisie op tweedetaalverwerwing nie. Ook vanaf lande soos België en Switserland kon literatuur in hierdie verband nie opgespoor word nie. Voeg hierby dat oorsese navorsers metodologiese probleme ondervind aangesien daar min Westerse ontwikkelde lande bestaan waar daar van sogenaamde voor-en-na-studies, of van studies waar televisiekykers met nie-televisiekykers vergelyk word, gebruik gemaak kan word.

Dat kinders wel deur die kyk na televisieprogramme vaardigheid in hul moedertaal aanleer, is deur Schramm, Lyle en Parker (1961) bevind. In hul ondersoek het dit aan die lig gekom dat kinders wat gereeld televisie gekyk het, met skooltoetrede oor 'n groter woordeskat beskik het as dié kinders wat min of glad nie televisie gekyk het nie.

Waar televisie die geleentheid vir 'n groot persentasie van die inwoners van die RSA skep om op 'n gereelde grondslag met die tweede taal in aanraking te kom, is dit logies dat die verwagting sal ontstaan dat persone ten opsigte van hul bedrewenheid in die tweede taal baat sal vind. Aansluitend by hierdie verwagting is dié ondersoek onderneem om te probeer vasstel in watter mate televisie kinders se vaardigheid in die tweede taal positief beïnvloed.

Wanneer die invloed van televisie op kinders se vaardigheid in die tweede taal onder die soeklig kom, is dit van belang om raak te sien dat dit hier nie gaan om doelbewuste leer nie, maar wel om toevallige leer. Televisie word in dié ondersoek nie gesien as onderrigmedium om kennis oor te dra nie, maar as ontspanningsmedium (wat heel moontlik 'n invloed op die tweede taal kan uitoefen). Die leerhandeling is dus in hierdie geval toevallig en spruit nie voort uit 'n doelbewuste gerigtheid op die verwerwing van 'n tweede taal nie.

1.2 TAALVAARDIGHEID GESIEN IN SY VERBAND MET TELEVISIE

Volgens die Leerplan van die Transvaalse Onderwysdepartement vir Afrikaans Hoër Graad, Standaard 8, 9 en 10 (1972), beteken taalvaardigheid die leerling se vermoë om die taal doeltreffend en korrek te praat, lees en skryf, asook die vermoë om korrek na taal te luister. Dit sluit enersyds basiese kennis betreffende taalwetenskaplike feite in, en impliseer andersyds 'n toereikende taalgebruiksvermoë. Die luister-, praat-, lees- en skryfvermoëns van 'n kind bepaal dus gesamentlik sy taalvaardigheid. Ten einde die invloed van televisie op die vaardigheid van leerlinge in die tweede taal nader te ondersoek, is dit eers nodig om elk van hierdie vier kategorieë van taalvaardigheid in fokus te plaas.

1.2.1 *Luister*

Die luistervermoë van 'n kind kan beskryf word as die vermoë om klanke in klankgroepe te identifiseer, geluide met swak of sterk intensiteit te onderskei en fonologies selektief te luister. Dit gaan egter nie net om 'n vlugge klankonderskeiding nie, maar veral ook om die sinvolle kombineer van die klanke van 'n taal en die interpretasie van klankkombinasies (Sinclair 1978).

Volgens Lee is een van die beginsels van spraak- en taalverowering "that everything is learned through the reception of speech before there is any attempt at speech production. But anything that the child utters has been recognized long before he makes any attempt to bring it out himself and his mastery of the language system is measured by the differences that he can recognize and distinguish rather than by what he can perform himself. Naturally he will in time learn to produce the things he can recognize but there is a time lag between recognition and production ...

This principle runs through all stages and all aspects of language learning, whether it be of our mother tongue or of a foreign language. When, for example, as adults we add a new word to our vocabulary, it comes into the passive vocabulary first; we learn to recognize it and then we may later use it ourselves in conversation" (Lee 1979 : 21).

Wanneer taalverwerwing ter sprake is, moet daar gewys word op die verskil tussen "hoor" en "luister". 'n Mens "hoor" 'n telefoon lui, maar dit is 'n bloot outomatiese, sensoriese reaksie op geluid. Wanneer 'n mens "luister" is daar sprake van volle bewussyn, van begrip en volle aandag gee, van kognitiewe toetrede tot die situasie. Greene (1971 : 153) stel dit soos volg: "Listening involves more than just hearing or paying attention. Effective listening requires active and conscious attention to the sounds heard for the purpose of gaining meaning from them - if we are really *listening*, we *react* to what we *hear*" (my kursivering). Vir suksesvolle taalverwerwing is dit nodig om na taal te "luister". Die kind se vordering in die tweede taal sal in die televisie-situasie grootliks bepaal word deur die feit of hy die taal slegs "hoor" of werklik daarna "luister".

Hoewel daar allerweë aanvaar word dat televisie 'n positiewe invloed op die luistervaardigheid van die kind het, blyk uit die literatuur dat daar faktore bestaan wat daarop dui dat die positiewe invloed van televisie op die vaardigheid in die tweede taal van die kind miskien van beperkter omvang is as wat algemeen verwag word.

(1) Taalvlak en inhoudelike vlak

Die vlak van die kind se tweede taal is dikwels heelwat laer as dié van sy eerste taal. Omdat sy ontwikkelings-

peil by sy eerstetaalvlak aansluit, kan een van die volgende twee probleemsituasies ontstaan wanneer hy kyk na 'n program wat in sy tweede taal aangebied word:

- (a) Wanneer die taalvlak van die program by syne aansluit, kan hy die inhoudelike van die program vervelig vind.
- (b) Wanneer, aan die ander kant, die inhoudelike by sy ontwikkelingspeil aansluit, kan dit wees dat die dialoog vir hom moeilik verstaanbaar is. Hierdie frustrerende situasie kan die kind minder gretig maak om na programme te kyk wat in die tweede taal aangebied word.

(2) Eenvormigheid in uitspraak

Die kind hoor oor televisie 'n groot variasie in uitspraak wat ouditief verwarrend kan wees. Olsen (1977) wys op die groot verskil in uitspraak tussen gewone "gespreks-Engels" en formele "skool-Engels", wat beide oor televisie gehoor word. Voeg hierby die tipiese Amerikaanse Engels wat dikwels gehoor word en dit kan begryp word dat die kind met Engels as tweede taal 'n mate van ouditiewe verwarring sal beleef. Dieselfde geld vir die Engelssprekende kind wat met dialektiese afwykings soos in "Bolands-Afrikaans" in aanraking kom. Hierdie probleem geld waarskynlik slegs vir die jonger kind, want na mate die kind ouer word en vaardiger in die tweede taal raak, kan hy fyner klanknuanses onderskei en behoort hy nie probleme in hierdie verband te ondervind nie.

(3) Ouditiewe figuuragtergronddiskriminasie

Dit is belangrik by taalverwerwing dat die kind nie net tussen verskillende spraakklanke moet kan onderskei nie, maar ook tussen spraakklanke en omgewingsklanke. Dit stel hoë eise aan die kind, veral in die tweede taal waar ouditiewe figuuragtergronddiskriminasie as gevolg van die onbekendheid van die klanke van die tweede taal dit vir die kind moeilik kan maak om woorde te herken en verstaan. Aan die ander kant is dit miskien juis moontlik dat televisie die kind kan oefen in sy vermoë om relevante stimuli (as ouditiewe voorgrond) van irrelevante stimuli (as ouditiewe agtergrond) te onderskei.

(4) Die oorspronklike taalverwerwingsituasie en die televisiesituasie

Taalverwerwing vind by die klein kind plaas as deel van 'n interaksiegebeure tussen moeder en kind waartydens die moeder haar eie taalvlak met betrekking tot woordkeuse, sinsbou, lengte van sinne, grammatikale struktuur, ensvoorts, varieer volgens die behoeftes en begrypingsvlak van die kind (Vorster 1979). Die moeder herhaal 'n woord in verskillende situasies en die kind leer mettertyd 'n konstante betekenis aan sekere klankkombinasies heg. Sy gesels ook met hom in kort, eenvoudige sinnetjies wat dit vir hom moontlik maak om die grammatikale struktuur van die taal te leer ken.

Die televisiesituasie verskil in sekere opsigte van die oorspronklike taalaanleersituasie. Dit is nie 'n interaksiegebeure tussen persone nie en vereenvoudigings in taalgebruik word nie aangebring om by die taalvlak van die kind aan te pas nie. By die televisiesituasie ontbreek

dus sekere van die komponente van die oorspronklike taalverwerwingsituasie wat as die ideale taalaanleersituasie beskou kan word.

Tog vind ons een baie belangrike komponent terug in die televisiesituasie: die feit dat die kind voortdurend in aanraking met taal (in hierdie geval die tweede taal) kom. Sinclair en De Vleeschouwer (s.j.) benadruk die feit dat dit veral in die geval van die tweede taal besonder belangrik is dat die kind in voortdurende kontak met die taal sal wees. Chomsky (1972) gaan so ver as om te sê dat 'n ryk verskeidenheid in taalvariasie binne stimulerende en afwisselende situasies die vertrekpunt van tweedetaalonderrig is.

Deur middel van televisie hoor die kind voortdurend nuwe woorde in 'n verskeidenheid van situasies. Hy leer die woorde herken en leer met verloop van tyd 'n konstante betekenis aan hulle heg. Van groot betekenis is ook dat sy oor mettertyd gewoon raak aan die grammatikale struktuur van die tweede taal. Taalreëls lê onder die bewussynsvlak en sonder dat hy self daarvan bewus is, begin hy die klank- en taalreëls (sinsbou, werkwoordvorm, voorsetsels, die enkelvoud- en meervoudsvorme van die selfstandige naamwoord, ensovoorts) van die tweede taal aflei.

1.2.2 *Praat*

In die literatuur is dit 'n bekende feit dat die kind se reseptiewe taalvermoë sy produktiewe taalvermoë vooruit is (vergelyk bv. De Haan 1969). Om gespreksvaardig in die tweede taal te wees, moet die passiewe kennis van die taal in aktiewe gebruik gestel en na nuwe situasies uitgebrei word. Volgens Botha (1981) kan taalvaardighede soos uitspraak, sinsbou en nuwe woordeskat

eers werklike gebruikswaarde vir die kind kry wanneer "luister" direk opgevolg word deur "praat". "We can therefore come to the conclusion that second language learning begins with activities in oral communication. The degree in competency in oral expression will determine the quality of activities in written communication" (a.w. p. 47).

Omdat televisie-uitsendings eenrigtingkommunikasie is waarin die kind 'n reseptiewe rol vervul en nie iets produktiefs in die vorm van mondelinge reaksie lewer nie, kan die afleiding gemaak word dat televisie nie veel invloed op die gespreksvaardigheid van die kind sal uitoefen nie. Televisie beïnvloed egter waarskynlik die kind se luisterwoordeskat en bekendheid met die grammatikale struktuur van die taal positief (soos uiteengesit in paragraaf 1.2.2). Dit is twee komponente wat in gespreksvaardigheid in die tweede taal 'n belangrike rol speel.

1.2.3 Lees

Leesvaardigheid as kategorie van taalvaardigheid is 'n voorvereiste vir studiesukses en belangrik vir die kind se vordering in elke ander skoolvak. Dit lyk asof televisie 'n beperkte direkte bydrae tot hierdie kategorie van taalvaardigheid sal lewer, omdat die gebruik van optografeme op die skerm beperk is. Dit is moontlik dat televisie leesvaardigheid wel indirek kan beïnvloed deur by te dra tot 'n verbetering in die visuele waarneming van die kind in terme van oogspierkombinasies en -bewegings. Ten opsigte van die voorskoolse kind kan dit van betekenis wees omdat perseptuele vermoë, veral visuele vermoë, vir aanvangslees belangrik is.

X Literatuur rakende die invloed van televisie op die leesvaardigheid van kinders lewer teenstellende standpunte op. Volgens MacKinnon (1979) bestaan die gevaar dat televisie soveel tyd van die kind in beslag kan neem dat ander aktiwiteite soos lees in die slag bly. Daarteenoor is Montgomery (1960) van mening dat televisie aan die kind 'n gesofistikeerde en bete-

kenisdraende woordeskat besorg en dat dit vir leesvaardigheid van belang is. Volgens Himmelweit (1958) is dit veral die kind se leesbelangstelling wat by televisiekyk baat vind omdat die kind in 'n groter verskeidenheid onderwerpe (insluitende non-fiksie) begin belangstel.

1.2.4 Skryf

Om skryfvaardig te wees moet die kind in staat wees om op 'n aktiewe manier sy gedagtetaal in die vorm van skrif te kan weergee. Oosthuizen (1972) verstaan daaronder enersyds handvaardigheid en andersyds kennis van "al die truuks wat met die sigbaarmaking van taal gepaard gaan: spelling, hoofletters, afbreek van woorde, skryfwyse ('los' en 'vas'), skryftekens, leestekens" (p.52). Die woordeskat en grammatikale struktuur van 'n taal vorm ook belangrike komponente van skriftelike vaardigheid. Uit wat in paragraaf 1.2.1 oor televisie se invloed op woordeskat en grammatikale struktuur gesê is, kan dus afgelei word dat televisie op 'n indirekte manier ook die skriftelike vaardigheid van kinders positief kan beïnvloed.

Afrikaans- en Engelssprekende kinders ondervind nie heeltemal dieselfde probleme om woorde vanuit die luisterwoordeskat in skrifvorm weer te gee nie. Wanneer die kind se tweede taal 'n taal soos Afrikaans is, ondervind hy nie groot probleme om 'n woord wat hy oor televisie gehoor het in skrifvorm weer te gee nie, omdat 'n spesifieke fono-artikuleem in Afrikaans deur 'n redelik konstante geskrewe simbool (optografeem) in 'n verskeidenheid woorde weergegee word. Afrikaans se skryfsisteem korreleer op 'n deursigtige manier met sy klanksisteem (persoonlike gesprek met J. Vorster, 1982). Wanneer die kind se tweede taal egter 'n taal soos Engels is, geld bogenoemde in 'n mindere mate en dan vind hy dit moeiliker om 'n woord wat hy gehoor het, in skrif weer te gee.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Uit die voorafgaande gedeelte blyk dat daar wel beperkings voorkom wat die verwagting betref dat televisie taalontwikkeling sal stimuleer. Daar kan selfs beweer word dat televisie nie 'n stimulerende effek op die ontwikkeling van die eerste taal mag hê nie. Die redes hiervoor is byvoorbeeld:

- (a) Weinig verbale interaksie vind tussen gesinslede plaas wanneer televisie gekyk word.
- (b) Waar 'n kind in die gewone gespreksituasie gedurig terugvoering oor eie taalgebruik kry en begrip ontwikkel oor die taalgebruik van ander, is dit nie in die televisiesituasie die geval nie.
- (c) Waar lees en voorlees by die tempo van die kind aanpas en geleentheid vir herhaling en begripvorming bied, is televisie 'n vlugtige medium en is televisietaal selfs relatief "armoedig" in vergelyking met boeketaal.

Nieteenstaande bogenoemde beperkings op die ontwikkeling in die eerste taal en beperkings wat televisie ten opsigte van die ontwikkeling van die tweede taal mag hê (soos in die voorafgaande paragrawe aangedui), ontstaan die vraag of televisie nie tog 'n stimulerende effek op die ontwikkeling van die tweede taal kan hê nie wat onder ander omstandighede as by die eerste taal geskied. Onder normale omstandighede kry die kind benewens die skoolsituasie nie die geleentheid om op so'n gereelde grondslag met die tweede taal in aanraking te kom nie. Groter kontak met die tweede amptelike taal deur middel van televisie mag dit wat die kind in die onderwysituasie geleer het, aanvul en versterk en selfs stimuleer om meer te wete te wil kom (bv. die betekenis van 'n spesifieke woord of die uitspraak van 'n woord). Anders as in die geval van die eerste taal is dit dikwels vir die voorskoolse kind die enigste kontak met die tweede taal.

Aangesien die kennis en gebruik van die tweede amptelike taal vir Suid-Afrikaners nie net in die daaglikse omgang voordelig is nie, maar ook omdat kulturele en normatiewe elemente in die onderskeie samelewingsgroepe deur tweetaligheid bevorder word, vergroot die belang van 'n studie oor die invloed van televisie op die bekwaamheid van skoolleerlinge in die tweede taal. In hierdie ondersoek na die invloed van televisie op die tweede amptelike taal word die aandag toegespits op die skriftelike vaardigheid van leerlinge.

Gesien teen die agtergrond van die wisselwerking en onderlinge beïnvloeding wat tussen die onderskeie kategorieë van taalvaardigheid (luister, praat, lees en skryf) bestaan, kan gereedelik aanvaar word dat die kind se skriftelike vaardigheid in die tweede taal ook aanduidend van sy vaardigheid ten opsigte van luister, praat en lees mag wees.

HOOFSTUK 2

METODOLOGIE

2.1 DOEL EN HIPOTESE

Die doel met hierdie ondersoek is om die invloed van televisie op die vaardigheid in die tweede taal van standerd vyf-, ses- en sewe-leerlinge te bestudeer.

Na aanleiding van die literatuuroorsig in hoofstuk 1 kan die volgende hipoteses geformuleer word:

H_0 (nulhipotese): Televisie het geen invloed op standerd vyf-, ses- en sewe-leerlinge se vaardigheid in die tweede taal nie.

H_1 (alternatiewe hipotese): Televisie het 'n positiewe invloed op standerd vyf-, ses- en sewe-leerlinge se vaardigheid in die tweede taal.

2.2 METODOLOGIE

2.2.1 *Steekproef*

Die Instituut vir Kommunikasie-navorsing van die RGN het sedert 1974 'n omvattende ondersoek geloods na die invloed van televisie op die skoolgaande jeug. Hierdie langtermynprojek wat in samewerking met die vier provinsiale onderwysdepartemente en die SAUK onderneem word, fokus op 'n wye verskeidenheid aspekte. Hierdie aspekte is met behulp van vraelyste en gestandaardiseerde toetse oor die loop van agt jaar ten opsigte van standerd drie- tot tien-leerlinge ondersoek. Van die standerd drie- en ses-leerlinge wat by die eerste opname in 1974 ingesluit was, is jaarliks opgevolg tot hulle matriek bereik het (opvolgleerlinge). Vir kontroledoeleindes is daar elke jaar

ook 'n aantal leerlinge (+ 1 500) in elke standaard getoets wat nie voorheen in die projek ingesluit was nie (kontroleleerlinge). Die steekproewe is op 'n nasionale grondslag gestratifiseer volgens geslag, taal van onderrig, stedelike en nie-stedelike ligging van skole wat deur leerlinge bygewoon is, asook provinsie waarin skole geleë is. Die gegewens waaroor daar in hierdie studie gerapporteer word, is gedurende die tydperk 1974 tot 1978 onder kontroleleerlinge ingesamel as deel van genoemde omvattende ondersoek.

2.2.2 *Meetinstrumente*

Die meetinstrumente wat in hierdie studie gebruik is, is die Algemene Toets in Taal en Rekenkunde (ATTR), die Biografiese vraelys en 'n vraelys oor televisiekykgewoontes. Gegewens oor die leerlinge se IK en skoolprestasie wat deur die klasonderwysers verskaf is, is ook gebruik.

(1) Algemene Toets in Taal en Rekenkunde (ATTR)

Subtoets drie van die Algemene Toets in Taal en Rekenkunde ('n gestandaardiseerde meetinstrument van die RGN) is in hierdie ondersoek gebruik. Met hierdie toets word gepoog om 'n individuele bekwaamheidspeil in die tweede taal op grond van sy kennis, begrip en insig bloot te lê. Die items van die ATTR is gebaseer op kennis wat in die opvoedingsmilieu van kinders bekom word en is nie slegs tot die skoolleerplan beperk nie. Die afsonderlike toetse vir die Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge bestaan elk uit vyf-en-sewentig items wat woordeskat-, leesbegrip-, spelling- en taalgebruikitems insluit. Die betroubaarheidskoëffisiënt van die ATTR is bereken volgens die Kuder-Richardson-formule 21 en wissel tussen 0,72 en 0,82 vir Engelssprekende leerlinge,

en tussen 0,78 en 0,85 vir Afrikaanssprekende leerlinge.
Dit kan as bevredigend aanvaar word.

(2) Biografiese vraelys

Die Biografiese vraelys is deur die Instituut vir Kommunikasieavorsing van die RGN ontwerp om relevante biografiese gegewens van die respondente te bekom. Met die oog op die stapsgewyse regressieontleding wat volledig in paragraaf 2.2.5 bespreek word, moes die nominale kategoriese gegewens van die respondente op 'n digotome wyse na skynveranderlikes getransformeer word. Die saamgroepering van kategorieë vir die digotomiese verdelings word vir elke vraag wat ter sprake is in hakies aangedui, terwyl die benaming van die veranderlikes (soos dit in die res van die teks aangebied word) kursief getik is.

Die volgende vrae is gebruik:

1. Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog (die man wat aan die hoof van julle gesin staan)?
Die antwoorde van die respondente op hierdie vraag is soos volg gekategoriseer:
 - (a) Professionele, tegniese en verwante werker
 - (b) Administratiewe, uitvoerende en besturende werker
 - (c) Klerklike werker
 - (d) Verkoopswerker
 - (e) Werkers in boerdery, bosbou, vissery, jag
 - (f) Myn-, steengroefwerker
 - (g) Vervoer- en kommunikasiewerker
 - (h) Vakman, produksiewerker en arbeider
 - (i) Diens-, sport- en ontspanningswerker

(Hierdie kategorieë is van die Departement van Statistiek (1968) verkry. In hierdie ondersoek is kategorieë (a) tot (d) onder "hoë beroepskeuse" en kategorieë (e) tot (i) onder "lae beroepskeuse" ingedeel)*
Sosio-ekonomiese status.

2. Ek is 'n seun/meisie (Seun/meisie) *Geslag.*
3. Watter taal praat jy die meeste by die huis? (Afrikaans/Engels) *Taal.*
4. Hoeveel goeie vriende het jy? (Min (een of twee)/ baie (drie of meer)) *Aantal vriende.*
5. Hou jy meer daarvan om alleen te wees of om saam met vriende te wees? (Alleen/saam met vriende wees) *Alleen of saam met vriende wees.*
6. Was jy ooit in 'n crèche, bewaarskool of kleuterskool? (Ja/nee) *Bywoning van crèche.*
7. Hoeveel keer het jy al op skool 'n standerd herhaal? (Nooit/een of meer keer) *Herhaling van standerd.*
8. Engelsspreekende leerlinge: "Do you sometimes play (associate) with friends who speak Afrikaans? (Yes/no)."
Afrikaansspreekende leerlinge: Speel (assosieer) jy soms met vriende wat Engels praat? (Ja/nee)
Assosieer met andertalige vriende.

*Hierdie kategorisering is op die klassifikasie van Strijdom (1971 : 29) gebaseer waarin hy kategorieë (a) en (b) as hoë, (c) en (d) as gemiddelde, en die res as lae sosio-ekonomiese beroepe klassifiseer.

9. Vind jy dit moeilik om in die klas aandag te gee aan wat die onderwyser(-es) sê? (Meeste van die tyd/selde.)
Aandag in klas.
10. Woonarea (stedelik/nie-stedelik). *Woonarea.*

(3) Televisievraelys

Hierdie vraelys is deur die RGN se Instituut vir Kommunikasienavorsing saamgestel en handel onder andere oor televisiekykgewoontes en programvoorkeure van respondente. Die volgende vrae is gebruik.

1. Hoeveel uur *per dag* kyk jy gewoonlik televisie? (Maandae tot Donderdae gedurende skoolkwartale)
2. Hoeveel uur *per dag* kyk jy gewoonlik oor naweke televisie? (Vrydae tot Sondag gedurende skoolkwartale)
3. Hoe lank het julle gesin al 'n televisiestel in die huis?

Opmerking: Geen gegewens is beskikbaar oor die aantal ure wat kinders na programme kyk wat in die tweede taal aangebied word nie. Daar moes dus geredelik aanvaar word dat leerlinge nie slegs na programme sal kyk wat in hul eie taal aangebied word nie.

(4) Gegewens deur die klasonderwyser verstrek (Vorm B)

Uit hierdie vraelys word onder andere inligting oor elke leerling se skoolprestasie en verstandelike vermoëns in=win.

Die volgende vraag is gebruik: Wat is die leerling se IK volgens die mees onlangse intelligensietoets wat op die leerling toegepas is? (Indien die leerling meer as een keer getoets is, gee die jongste resultaat.) (Die IK-totaaltellings van die leerlinge is in "hoog" en "laag" verdeel deur gebruik te maak van die mediaan as verdeler.)

Standerd 5 : IK-mediaan 106

Standerd 6 : IK-mediaan 106

Standerd 7 : IK-mediaan 107 *IK-totaal*

Opmerking: Gegewens oor die aantal ure wat leerlinge in die tweede taalles, kon nie in die ondersoek ingeskakel word nie.

2.2.3 *Eksperimentele ontwerp*

Ten einde die invloed van televisie te bestudeer is van 'n driegroepontwerp gebruik gemaak, waarvolgens die respondente in die volgende drie vergelykbare groepe (deur afparing - kyk paragraaf 2.2.5 - vergelykbaar gemaak) ingedeel is:


- . 'n Strawwekykergroep van 'n bepaalde jaar (na die instelling van televisie; ook die eksperimentele groep genoem).
- . 'n Ligtekykergroep (van dieselfde jaar; ook die kontrole-groep genoem).
- . 'n Voor-televisiegroep (uit een van die jare voor die instelling van televisie).

Deur die ATTR-tellings van hierdie drie groepe met mekaar te vergelyk, kan 'n aanduiding van die invloed van televisie ten opsigte van die leerlinge se bekwaamheid in die tweede taal verkry word.

'n Stel verskiltellings is bereken deur telkens die ATTR-telling van elke respondent in die voor-televisiegroep af te trek van die ATTR-telling van die ooreenstemmende afgepaarde respondent in die strawwekykergroep (die eksperimentele verskiltellings genoem). 'n Stel verskiltellings tussen die ligtekykergroep en die voor-televisiegroep is op dieselfde manier bereken (die kontroleverskiltellings genoem). 'n Gemiddelde verskiltelling is voorts onderskeidelik vir die eksperimentele en kontroleverskiltellings bereken. Om die betekenisvolheid van die verskil tussen hierdie twee gemiddelde verskiltellings te bepaal, is eenkantige t-toetse vir afgepaarde groepe toegepas. Hiervolgens kan 'n statisties betekenisvolle verskil beskou word as aanduidend van 'n positiewe invloed van televisie op die bekwaamheid van die ondersoekgroepe in die tweede taal. Die ontwerp wat vir vergelyking tussen die groepe aangewend word, is skematies op p. 19 voorgestel.

2.2.4 *Die ondersoekgroepe*

Die ondersoekgroepe is saamgestel uit standerd vyf-, ses- en sewe-leerlinge wat in die 1974- en 1975-opnames (voor die instelling van televisie) en in die 1976-, 1977- en die 1978-opnames (na die instelling van televisie) betrek is. Omdat die studie handel oor die bekwaamheid van leerlinge in die tweede taal, is die groepe volgens huistaal in Afrikaans- en Engelssprekende respondente geskei en hierdie verdeling is deurgaans gehandhaaf. Die "nuutheidseffek" van televisie is gekontroleer deur in die geval van televisiekykers uit die 1976-, 1977- en die 1978-groepe



Verklaring van simbole

- . k = Aantal respondente in elke groep
- . i = Getal wat enige waarde van 1 tot k kan aanneem
- . A_i = ATTR-telling van een van die lede van die strawwe kykers
- . B_i = ATTR-telling van een van die lede van die ligte kykers
- . C_i = ATTR-telling van een van die lede van die voor-telesiegroep
- . Verskilltelling $D_i = A_i - C_i$ (waar i telkens vir D_i, A_i en C_i dieselfde waarde tussen 1 en k het)
- . Verskilltelling $E_i = B_i - C_i$ (waar i telkens vir E_i, B_i en C_i dieselfde waarde tussen 1 en k het)
- . X_1 tot X_k = Respondente van die voor-telesiegroep
- . Y_1 tot Y_k = Respondente van die strawwekykergroep
- . Z_1 tot Z_k = Respondente van die ligtekykergroep

- . \bar{D} = Die gemiddeld van die eksperimentele verskillings

$$(\bar{D} = \frac{\sum_{i=1}^k D_i}{k})$$
- . \bar{E} = Die gemiddeld van die kontroleverskillings

$$(\bar{E} = \frac{\sum_{i=1}^k E_i}{k})$$
- . $t = \frac{\bar{D} - \bar{E}}{\sqrt{\left[\frac{(s_1^2 + s_2^2)}{k} \right] [1 - r_{D_i E_i}]}}$ (Du Toit, 1975)
- waar s_1 = die standaardafwyking van die eksperimentele verskillings
- s_2 = die standaardafwyking van die kontroleverskillings
- en $r_{D_i E_i}$ = die korrelasiekoëffisiënt tussen die eksperimentele verskillings en die kontroleverskillings

slegs die leerlinge te betrek wat vir minstens drie maande tuis oor 'n televisiestel beskik. Kykers wat nie tuis 'n televisiestel besit nie en dus elders televisie kyk, is nie betrek nie. Die leerlinge wat in 1974 en 1975 getoets is, staan bekend as die "voor-televisiegroepe", en dié wat in 1976, 1977 en 1978 getoets is, as die "na-televisiegroepe". Laasgenoemde word op grond van hul televisiekykgewoontes in twee groepe onderverdeel: die "strawwe kykers" en die "ligte kykers". Die ligtekykergroep bestaan uit leerlinge wat gedurende weksdae minder as twee uur per dag en oor naweke minder as drie uur per dag televisie kyk en wat televisiestelle langer as drie maande besit. Leerlinge wat glad nie televisie kyk of 'n televisiestel besit nie is by die ligtekykergroep ingesluit. Strawwe kykers bestaan uit leerlinge wat in die week meer as twee uur per dag en oor naweke meer as drie uur per dag televisie kyk en wat televisiestelle vir minstens drie maande besit.

2.2.5 *Afparing*

Daar is 'n groot verskeidenheid faktore uit die kind se leefwêreld wat 'n invloed op sy bekwaamheid in die tweede taal kan uitoefen. Ten einde televisie se invloed te bestudeer moet hierdie "ander faktore" (steuringsveranderlikes) sover moontlik gekontroleer word. Met die doel om hierdie steuringsveranderlikes te identifiseer, is 'n stapsgewyse regressie-analise op die beskikbare biografiese veranderlikes uitgevoer. Die volgende steuringsveranderlikes is geïdentifiseer:

Afrikaanssprekend
Standaard vyf

Engelssprekend
Standaard vyf

Sosio-ekonomiese status
Alleen of saam met vriende wees
Bywoning van crèche
Aandag in klas
IK-totaal

Woonarea
Aantal vriende
Assosieer met andertalige vriende
Aandag in klas
IK-totaal

Afrikaanssprekend

Standerd ses

Sosio-ekonomiese status

Woonarea

Bywoning van crèche

Herhaling van standerd

IK-totaal

Standerd sewe

Sosio-ekonomiese status

Bywoning van crèche

Herhaling van standerd

Aandag in klas

IK-totaal

Engelssprekend

Standerd ses

Geslag

Woonarea

Herhaling van standerd

Assosieer met andertalige vriende

IK-totaal

Standerd sewe

Woonarea

Herhaling van standerd

Assosieer met andertalige vriende

Aandag in klas

IK-totaal

Ten einde die bovermelde steuringsveranderlikes te kontroleer, dit wil sê om die drie groepe leerlinge ten opsigte van hierdie veranderlikes vergelykbaar te maak, is 'n proses van *afparing* toegepas. Afparings is ten opsigte van die groepe strawwe kykers, ligte kykers en voor-televisierespondente gedoen. Dié groepe is in die volgende kombinasies vergelyk:

- (a) 1974 met 1976
- (b) 1974 met 1977
- (c) 1974 met 1978
- (d) 1975 met 1976
- (e) 1975 met 1977
- (f) 1975 met 1978

2.2.6 *Benoeming van eksperimentele en kontroleverskilteellings*

Die benoeming van die eksperimentele verskilteellings is soos volg:

- . Afrikaanssprekende respondente word met 'n D benoem en Engelssprekende respondente met 'n S.

Die benoeming van die kontroleverskiltellings is die volgende:

- . Afrikaanssprekende respondente is met 'n E benoem en Engelssprekende respondente met 'n T.

Daar kan op gewys word dat in 1976 geen standerd 6- en 7-leerlinge, en in 1978 geen standerd 5- en 6-leerlinge by die opnames betrek is nie.

HOOFSTUK 3

BESPREKING VAN RESULTATE

3.1 INLEIDING

Met die doel om die invloed van televisie op die ondersoek-groepe te bestudeer, is die groepe deur middel van afparing sover moontlik vergelykbaar gemaak. Die afgepaarde groepe het egter elk, as gevolg van die afparingsprosedure, 'n besondere samestelling en bevindinge by hierdie groepe kan nie sonder meer op die breë bevolking standerd vyf-, ses- en sewe-leerlinge van toepassing gemaak word nie. Die resultate word in tabelle 3.1 en 3.2 weergegee.

3.2 BEVINDINGE

3.2.1 *Engelssprekende leerlinge*

By twee afparings, naamlik die 1974/1977- en die 1975/1977-afparing van die Engelssprekende standerd sewe-leerlinge is statisties betekenisvolle verskille ($p < 0,01$) tussen die eksperimentele en die kontroleverskiltellings gevind (tabel 3.2). Hieruit kan afgelei word dat televisie waarskynlik die strawwe kykers se vaardigheid in hul tweede taal verbeter het. Dit raak onder andere komponente soos spelling, teenoorgesteldes, idiome en woordeskat.

Dit is interessant om daarop te let dat ook ten opsigte van α die ander afparings van die standerd vyf-, ses- en sewe-Engelssprekende leerlinge positiewe t-waardes tussen die eksperimentele en kontroleverskiltellings verkry is (tabel 3.2). Hierdie deurlopende positiewe t-waardes by

TABEL 3.1

VERSKILLE TUSSEN GEMIDDELDE VAN EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS
(D1 - D4) EN KONTROLEVERSKILTELLINGS (E1 - E4) VAN AFRIKAANS=
SPREKENDE STANDERD VYF-, SES- EN SEWE-LEERLINGE

Standerd	Afparing	Groep	N	\bar{X}	S	r	t
5	1974/1977	5 D1	99	2,778	6,609	0,29622	1,1635
		5 E1	99	1,859	6,639		
	1974/1976	5 D2	307	1,893	9,229	0,35291	0,6025
		5 E2	307	1,547	8,442		
1975/1977	5 D3	99	0,121	9,439	0,61508	1,1706	
	5 E3	99	-0,798	8,332			
1975/1976	5 D4	307	0,827	8,516	0,34804	0,5548	
	5 E4	307	0,508	9,120			
6	1974/1977	6 D1	184	3,038	9,218	0,28649	0,9867
		6 E1	184	2,179	10,511		
1975/1977	6 D2	184	2,603	10,520	0,36815	0,9839	
	6 E2	184	1,745	10,526			
7	1974/1978	7 D1	207	2,894	11,009	0,52408	0,0066
		7 E1	207	2,889	11,359		
	1974/1977	7 D2	204	3,358	12,372	0,37575	0,7446
		7 E2	204	2,667	11,330		
1975/1978	7 D3	207	2,889	11,564	0,54783	0,0066	
	7 E3	207	2,884	11,391			
1975/1977	7 D4	206	3,233	12,693	0,45910	0,5866	
	7 E4	206	2,689	12,899			

TABEL 3.2

VERSKILLE TUSSEN GEMIDDELDE VAN EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS
(S1 - S4) EN KONTROLEVERSKILTELLINGS (T1 - T4) VAN ENGELSSPRE=
KENDE STANDERD VYF-, SES- EN SEWE-LEERLINGE

Standerd	Afparing	Groep	N	\bar{X}	S	r	t
5	1974/1977	5 S1 5 T1	62 62	2,274 0,887	8,821 7,252	0,16168	1,0445
	1974/1976	5 S2 5 T2	97 97	1,835 1,299	8,023 8,258	0,50860	0,6541
	1975/1977	5 S3 5 T3	63 63	1,254 -0,270	9,382 7,682	0,27377	1,1706
	1975/1976	5 S4 5 T4	94 94	1,362 0,670	7,863 8,825	0,52768	0,8259
6	1974/1977	6 S1 6 T1	82 82	2,878 1,939	9,620 10,611	0,56735	0,9026
	1975/1977	6 S2 6 T2	81 81	1,444 0,481	9,740 10,637	0,56770	0,9140
7	1974/1978	7 S1 7 T1	102 102	3,667 2,804	10,826 12,890	0,43690	0,6900
	1974/1977	7 S2 7 T2	103 103	4,767 0,515	13,368 12,115	0,36929	3,0119**
	1975/1978	7 S3 7 T3	101 101	3,089 2,257	12,468 10,682	0,40037	0,6577
	1975/1977	7 S4 7 T4	102 102	3,069 -1,353	13,239 11,392	0,32827	3,1199**

**p < 0,01

vg. = (getal pare - 1)

die standerd vyf-, ses- en sewe-leerlinge mag moontlik daarop dui dat die strawwe kykers in die ondersoek ten opsigte van hul vaardigheid in die tweede taal in 'n mate verbeter het en dat televisie waarskynlik vir die positiewe tendens verantwoordelik kon wees.

3.2.2 Afrikaanssprekende leerlinge

Wanneer die eksperimentele en kontroleverskiltellings van die Afrikaanssprekende standerd vyf-, ses- en sewe-leerlinge onderskeidelik vergelyk word (tabel 3.1), is daar nie statisties betekenisvolle t-waardes by een van die afparings verkry nie. Hieruit kan afgelei word dat televisie waarskynlik nie op die vaardigheid van Afrikaanssprekende leerlinge in die tweede taal in genoemde standerds 'n positiewe invloed gehad het nie. Tog is dit interessant om daarop te let dat ook in hierdie geval positiewe t-waardes ten opsigte van *al* die afparings verkry is.

3.3 SAMEVATTING

Volgens die resultate in tabel 3.2 is 'n positiewe invloed van televisie op die vaardigheid van Engelssprekende standerd sewe-leerlinge in hul tweede taal ten opsigte van twee van die vier afparings bevind. Die nulhipotese (H_0) dat televisie geen invloed op die vaardigheid van leerlinge in die tweede taal het nie, kan dus ten opsigte van hierdie Engelssprekende standerd sewe-leerlinge verwerp word, en die alternatiewe hipotese (H_1), naamlik dat televisie 'n positiewe invloed op die leerlinge se vaardigheid in die tweede taal het, kan aanvaar word. In *al* die ander ver-

gelykings tussen die eksperimentele en kontroleverskil-
tellings word die nulhipotese (H_0) aanvaar, naamlik dat
televisie geen invloed op leerlinge se vaardigheid in
die tweede taal gehad het nie.

Dit is egter interessant om daarop te let dat al die
t-waardes (ten opsigte van Afrikaans- en Engelssprekende
leerlinge) wat verkry is in die vergelyking tussen die
eksperimentele en kontroleverskiltellings, positief was.

Uit die literatuurstudie het geblyk dat televisie
waarskynlik die luistervaardigheid van kinders in 'n
groter mate sal beïnvloed en die ander kategorieë van
taalvaardigheid (praat, lees en skryf) in 'n mindere mate
en op 'n indirekte wyse sal beïnvloed. Wanneer die bevin-
dinge van hierdie ondersoek daarop dui dat televisie die
skriftelike vaardigheid van leerlinge positief beïnvloed
het, kan gespekuleer word dat die luistervaardigheid van
die leerlinge in die tweede taal waarskynlik in 'n groter
mate positief beïnvloed is.

Verdere navorsing om die invloed van televisie op die
luistervaardigheid van leerlinge in die tweede taal te
bestudeer, kan interessante inligting oplewer. Daar be-
hoort ook verdere navorsing gedoen te word om die lang-
termyneffek van televisie op die vaardigheid van leerlinge
in die tweede taal te ondersoek.

1. BOTHA, I. *Strategies for the teaching of certain English second language skills in the junior primary phase*. Pretoria : University of Pretoria, 1981. (M. Ed. dissertation).
2. CHOMSKY, C. Stages in language development and reading exposure. *Harvard Educational Review* 42, Feb. 1972 : 1-33.
3. DE HAAN, A.A. Taalontwikkeling. In *Aspecten van de kleuteropvoeding*. Groningen : Wolters-Noordhoff, 1969.
4. DE KLERK, G.J. Enkele gedagtes oor die probleme en uitkomstes van kindertaalstudie. *Taalfasette*. Pretoria : Van Schaik, 1971.
5. GARDNER, R.C., DESROCHERS, A. Second-language acquisition and bilingualism: research in Canada (1970 - 1980). *Canadian Psychology/Psychologie Canadienne* 22(2), April 1981 : 146-162.
6. GREENE, H.A., PETTY, W. *Developing language skills in the elementary school*. Boston : Allyn and Bacon, 1971.
7. HIMMELWEIT, HILDE T. *Television and the child*. London : Oxford University Press, 1979.
8. LEE, V. *Language development*. London : Croom Helm, 1979.
9. LOUW, J.A. *The acquisition, nature and use of language*. University of South Africa, 1969.

10. MACKINNON, C.F. *The influence of television on the readiness and potential literary of pre-school children.* Michigan : University Microfilms International, 1980.
11. MONTGOMERY, D.R. Television information utilized or ignored. *Child. Educ.* 36, March 1960: 320-323.
12. OLSON, D.R. Oral and written language and the cognitive processes of children. *Journal of Communication* 27(3), Summer 1977 : 10-26.
13. OOSTHUIZEN, J. Taalgebruiksvaardigheid en taalwetenskap. *Klasgids* 7(2), Augustus 1972: 48-61.
14. Republiek van Suid-Afrika. Buro vir Statistiek, *Suid-Afrikaanse statistieke*, 1968.
15. SCHRAMM, W., LYLE, J., PARKER, E.B. *Television in the lives of our children.* Stanford : Stanford University Press, 1961.
16. SINCLAIR, A.J.L. Taalvaardigheid. *Communiqué* 4(3) Unin Taalburo/ language bureau. Sept. 1978: 96-117.
17. SINCLAIR, A.J.L. en DE VLEESCHAUWER, J.N.A. *Grondslae by die aanleer van 'n tweede taal.* Universiteit van Zoeloeland. Reeks III. Vakpublikasies No. 5 (s.j.).
18. STRIJDOM, H.G. *Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd-ses-seuns.* Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1971.
19. Transvaalse Onderwysdepartement. *Syllabus vir Afrikaans Hoër Graad.* Standaard 8, 9 en 10. Pretoria, Junie 1972.

20. VORSTER, J. Towards an empirical model of language acquisition.
South African Journal of Psychology 9 (1-2), 1979: 1-7.

RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere instituut van die RGN kan van die Publikasiebestuurder verkry word.

Cop 52789

Doc 52788

